



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NASIENRIGLYNE - VRAESTEL 2 GRAAD 12

TYD: 2½ uur

TOTAAL: 100 Punte

AFDELING A: LETTERKUNDE

Algemene riglyne:

- Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam geles kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat die naam korrek spel.
- Engelse woorde mag slegs aanvaar word indien dit so in die boek gebruik word.
- Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.
- Punte word nie vir foutiewe taal afgetrek nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoorde beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.
- Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Let wel: nie by opinie vrae nie bv. die ja of nee moet met die motivering ooreenstem).
- Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel beantwoord die vraag, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)

VRAAG 1: GREG SE NUWE BEGIN

1.1 Daar is 'n donker, neerdrukkende gevoel in Greg-hulle se huis.

1.1.1 Waar woon Greg-hulle? (1)

Sandhurst / Johannesburg.

1.1.2 Waar was Greg op skool? (1)

Lawson Kollege.

- 1.1.3 Noem TWEE redes waarom die atmosfeer in hul huis so donker en hartseer is. (2)

Greg se ouer broer (John) het selfmoord gepleeg.
EN

Sy pa is in die tronk / gevangenis..

- 1.1.4 Met watter nuwe begin sou Greg sy donker verlede agterlaat? (1)

Hy gaan op Stellenbosch studeer / Sportsielkunde op Maties doen of soortgelyk.

- 1.2 1.2.1 'n Vreemde vrou in 'n gastehuis op Beaufort-Wes het Greg beskuldig oor sy pa. Hoe het sy Greg herken? (1)

Sy gesig was in die koerant / tydskrifte / HUISGENOOT/ op die internet.

- 1.2.2 Die vrou verwys na 'n kriminele komplot waarvan Greg se pa deel was. Wat was die naam van hierdie projek / komplot? (1)

Project Nursery Rhyme

- 1.2.3.1 Wie was die "Butcher"? (1)

Dok Pienaar.

- 1.2.3.2 Hoe het Greg die Butcher voor die hofsaak geken? (1)

Hy was die skoolhoof van Lawson Kollege.

- 1.2.4 Wat was Greg se pa se bynaam as deel van die komplot? (1)

Candlestick maker.

- 1.3 1.3.1 Na watter geleentheid van die studente word in bogenoemde aanhaling verwys? (1)

Vensters / O-week / oriënteringsweek / eerstejaarskonsert

- 1.3.2 Wie is Plank? (1)

'n Skoolvriend van Greg van Lawson Kollege se dae.

- 1.3.3 'n Dronk student loop in Greg vas. Hoe beskuldig hierdie vreemde student vir Greg? (1)

Hy het sy pa in die tronk gesit / gevra watter (flippen) loser sy pa weggee.

- 1.3.4 Hy vra Greg of hy die “*koekieman*” ook gaan vang. Wat bedoel hy? (1)

Hy wil weet of Greg die Baker ook gaan vang.

- 1.3.5 Selfs Plank word deur Greg se donker verlede geraak toe hy sy meisie aan Greg wou voorstel. Beskryf kortliks wat gebeur het. (1)

Lisa se pa herken Greg en weier dat sy iets met hul te doen het / jaag met haar weg.

[15]

VRAAG 2: VERHOUDINGS IN GREG SE LEWE

- 2.1 Gedurende Greg se lewe in Johannesburg en as student op Stellenbosch het hy met verskeie mense in aanraking gekom.
- 2.1.1 Hoe het Chloe, die kunsstudent wat in die woonstel langs hom gewoon het, Greg gehelp net voordat hy Turkye toe gegaan het? (1)
- Sy het 'n foto van sy hand met “*photoshop*” laat lyk asof hy die transponder ingeplant het.
- 2.1.2 Oom Dirk, Lisa se pa, kom besoek Greg in die Workout Café by die Gym. Wat was die doel van sy besoek? (1)
- Hy het kom verskoning vra dat hy Greg volgens sy pa se wandade veroordeel het.
- 2.1.3 Net voor Greg van die huis weg is om te studeer, het hy sy ma jammer gekry toe sy vir hom van haar hartseer oor John vertel. Wat het sy in hul huis gedoen toe sy alleen was? (1)
- Sy het geskree / vensters toegemaak.
- 2.1.4 Toe Greg vir die langnaweek by hul huis arriveer, kry hy 'n skok. Wat was dit? (1)
- Sy ma se minnaar maak die deur oop / Sy ma het 'n nuwe man in haar lewe / Sy ma het 'n skelm verhouding met André Symington.
- 2.1.5 Greg se vorige meisie, Nicole, kom by sy huis aan. Hoe het haar situasie verander? (1)
- Nicole is enkelouer van 'n baba (met 'n pa wat sy net een nag op 'n partytjie ontmoet het.)

2.2 2.2.1 Waar het Greg sy pa gaan besoek? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

In C Max in Kgosi Mampuru III-gevangenis /
Maksimumsekuriteitsafdeling in 'n gevangenis in Pretoria.

2.2.2 Waarvan het sy pa hom beskuldig? (1)

Dis Greg se skuld dat hy in die tronk sit. / Greg het hul
familie se naam deur die modder gesleep.

2.2.3 Dink jy dit was regverdig / reg dat sy pa so gevoel het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

Kandidaat se eie opinie, maar waarskynlik: Nee, dit is sy
eie skuld en die gevolg van sy wandade.

2.3 Paragraaf moet tussen 80–120 woorde lank wees

- Xander het Greg, sonder dat Greg geweet het sy eie pa betrokke is, misbruik om die hele komplot van Project Nursery Rhyme bloot te lê. (1)

- Xander het kennis van kuberkraak en weet byna alles van die komplot en die Baker. (1)

- Was die sondes ook af, nie net die gesig nie. (1)

- Hy moet erken sy pa het 'n klomp mense met 'n diaboliese virus doodgemaak.
OF
Hy moet erken sy pa het 'n aandeel in Xander se pa se dood gehad.
OF
Greg moet erken sy pa is 'n skurk.
OF
Greg is 'n *smug bastard* (Selftevrede persoon) / 'n *spoil brat* (Bedorwe brokkie) / met die goue lepel in die mond gebore (skatryk sonder dat hy 'n vinger hoef te lig) / swot / studeer met trustgeld wat moontlik op onwettige maniere verkry is. (2)

- Daar was 'n nuwe skootrekenaar en transponder /elektroniese skyfie in.
EN
Greg wou dit nie in sy hand inplant nie, want hy wou nie weer onder Xander se mag / invloed kom nie / gemanipuleer word nie. (2)

[15]

VRAAG 3: DIALOOG

- 3.1 Greg: Jy kan Afrikaans praat. Hoe so?
Ayla: My pa is 'n Suid-Afrikaner. (2)
EN
Ek was in Johannesburg op skool.
- 3.2 Greg: En jou ma?
Ayla: Sy kom van Turkye af. / Sy is Turks. (1)
- 3.3 Greg: Vertel my meer van jou ouers. Woon hulle ook hier in Turkye? Werk hulle nog?
Ayla: Nee, hul werk oor die wêreld. Hul is dokters by Doctors (2)
without Borders.
- 3.4 Greg: Net 'n vraag. Hoekom was jy in Stellenbosch, Xander?
Xander: Ek wou self gaan seker maak wat met Tom gebeur het. (1)
OF
Ek wou van Tom gaan afskeid neem, hy was my *hacker-buddy* / het my geleer kuberkraak.
- 3.5 Xander: Maar Greg, vertel ons – hoekom wil jy die Baker soek? Is dit nie genoeg dat jou pa in die tronk sit nie?
Greg: Hy moet ook boet / dis nie regverdig dat hy nie ook in die (1)
tronk is nie.
- 3.6 Ayla: Vertel my meer van hierdie komplot. Wat presies het hulle (3)
gedoen?
Greg: Hul het griepinspuitings met 'n dodelike virus gedokter.
EN
Baie mense is dood.
OF
Hul het so 'n dodelike pandemie veroorsaak.
EN
Hul het baie geld met die vaksienes gemaak.
- 3.7 Xander: Wat het jy intussen oor die Baker uitgevind?

- Greg: Hy is moontlik 'n mediese dokter / hy moet kennis van chemie en virusse en entstowwe / vaksienes hê. (1)
- 3.8 Xander: Wat van daardie dr. Rian Trollip. Was dit nie dalk hy nie?
- Greg: Nee. Hy is met kinderpornografie gevang en is tronk toe. (2)
EN
Hy het selfmoord in die tronk gepleeg.
- 3.9 Xander: Wel, vandag begin ons die Baker soek!
- Greg: Waar?
- Xander: Op die donker web. (1)
- 3.10 Ayla: Greg, ek wil jou nou iets vra. Hoekom het Plank saamgekom? Het hy ook iets hiermee te doen? (1)
- Greg: Plank het die transponder met die rekenaar se sleutelwoord in sy hand ingeplant.

[15]

VRAAG 4: OPSTEL**TEMA VAN OPSTEL: WRAAK – en die gevolge daarvan.****Paragraaf 1 – Inleiding****Paragraaf 2 - Die web van die komplot.**

• Thomas Lawson was die stigter van Lawson kollege (en het na die hofsak by Dok Pienaar as hoof oorgeneem.)	(1)
• Thomas Lawson, Dok Pienaar saam met nog mense van PlusUltraMed.	(2)
• Die selfmoordpille wat hy gedrink het / laat drink is, het van PlusUltraMed afgekom.	(1)
• Die farmakologiese maatskappy het eintlik gedien as 'n frontmaatskappy vir Project Nursery Rhyme. OF Deur die maatskappy is die gedokterde griepinspuitings verkoop wat die dodelike pandemie veroorsaak het / wat die vaksienes verkoop het.	(1)

Paragraaf 3 – Waarskuings om op te hou soek na die Baker.

• Hy het geskrik / Greg verbied / gewaarsku om die Baker (nie) te soek (nie).	(2)
• Hy is vermoor / Sy tong is uitgesny / Sy lyk is in die Eersterivier gegooi as waarskuwing vir Greg om op te hou soek. Enige TWEE.	(2)
• Greg se pa sou in die tronk deur een van die Baker se kontakte aangerand / beseer / doodgemaak word as Greg weer oor die Baker praat / na die Baker soek.	(2)
• Sy rekenaar is oopgemaak en 'n boodskap is in bloed op die glasdeur geskryf dat hy en sy "hackerbuddy" die Baker moet uitlos.	(2)
• Die video is van Xander se pa se afgryslike moord / wrede teregstelling. Dieselfde kan met Greg en Xander gebeur as hul aanhou na hom soek.	(2)

Paragraaf 4 – Die innerlike konflik wat hierdie soektog in Greg se lewe veroorsaak.

• Sy ma is in 'n inkoopiesentrum agtervolg en Greg het skuldig en bekommerd gevoel toe hy foto's van sy ma in 'n inkoopiesentrum op sy server kry.	(2)
• Hy vergelyk dit met 'n Gordiaanse knoop. OF Die verbintenis is deel van die donker web, wat vol van die donkerste dinge is.	(1)
• OF Al die skurke is soos slange in mekaar verstrengel.	(1)
• Hy meen Greg is nie 'n sissie nie en dat hy al so diep in die soektog is dat hy maar daarmee moet voortgaan.	(1)
• Hul moet op die donker web gaan soek en dit vul Greg met vrees omdat soveel slegte donker dinge daar plaasvind / verkrygbaar is.	

Paragraaf 5 - SLOT

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne.</i>
TAAL EN STRUKTUUR (5)	Struktuur: logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
5 punte	Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Toepaslike inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend. Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

[25]

AFDELING A: 70 PUNTE

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B:****RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK**

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepeenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Toespraak

Inhoud, beplanning en formaat	G	6 (uit 12)
Taal, styl en redigering	G	<u>4</u> (uit 18)
		<u>10</u> (uit 20)

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

Skryf die punte soos volg neer:	Inhoud :	G 6
	Taal :	G <u>4</u>
		<u>10</u>

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. $13 \div 2 = 6\frac{1}{2}$
10

BESKRYWING		VERDUIDELIKING
//	Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan	Nuwe paragraaf
interresant	Strepie onder die woord	Spelfout
×	Kruisie oor woord	Foutiewe woord

()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tyd verwarrend/foutief gebruik
?/! (in die kantlyn)	Groot vraagteken/ kronkelstreep	Onduidelik/ onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma/punt

VRAAG 5: TOESPRAAK**Formaat:**

- Paragraafindeling volgens instruksies + tussen 150 - 220 woorde

Taal en styl:

- Taal en styl moet by die doel, teikengroep en konteks pas.

Toespraak Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Word al die aspekte wat in die opdrag genoem is, aangespreek?
 - Bedankings.
 - Goeie herinneringe / insidente / situasies gedurende skoolloopbaan.
 - Uitdagings wat skooljare oorkom moes word.
 - Voorspoed vir komende eksamens.
 - 'n Inspirerende boodskap vir die toekoms.

[20]**VRAAG 6: E-POS****Formaat:**

- Volgens voorbeeld taal en styl + tussen 60–100 woorde
- Taal en styl moet by die doel, teikengroep en konteks pas.

Inhoud:

Let of daar voldoende aandag aan al die riglyne geskenk is en of alle aspekte in die opdrag aangespreek is:

- Is TIEN wenke oor hoe om te studeer gegee?
- Is aanbevelings gedoen oor hoe om op sy / haar gesondheid te fokus?
- Is die opdrag in die formaat van 'n e-pos aangespreek? **[10]**

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

AFDELING B: 30 PUNTE

TOTAAL (AFDELINGS A + B): 100 PUNTE

VRAAGGRADERING

INHOUD: LETTERKUNDE - 70 PUNTE

Denkvlak	Vraag 1 - Kontekstueel	15 punte
7		
6		
5	1.1.2; 1.3.1	2
4	1.3.2; 1.3.3	3
3	1.2.2; 1.2.4	4
1 – 2	1.1.1; 1.1.3; 1.1.4; 1.2.1; 1.2.3	6

Denkvlak	Vraag 2 - Kontekstueel	15 punte
7		
6	2.3	7
5	2.1.4; 2.1.5	2
4	2.1.1; 2.1.2; 2.2.2	3
3	2.1.3; 2.2.3	2
1 – 2	2.2.1	1

Denkvlak	Vraag 3 – Dialoog	15 punte
7		
6	3.3	2
5	3.2; 3.6; 3.7	5
4	3.4; 3.9	2
3	3.1; 3.5	3
1 – 2	3.8; 3.10;	3

Denkvlak	Vraag 4 - Opstel	25 punte
7	Skep en ontwerp nuwe idees	1
6	Voeg losstaande kreatief tot geheel	4
5	Onderliggende verbande	4
4	Pas kennis en feite korrek toe	5
3	Verstaan inhoud en rangskik anders	4
1 – 2	Herroep kennis	7

Vlak 5 – 7	27	38%
Vlak 3 – 4	25	36%
Vlak 1 – 2	18	26%
Totaal	70	100%

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYF - 30 PUNTE

Denkvlak	Vraag 5 – Toespraak	20 punte
5 – 7	Styl, toon skep	6
3 – 4	Toepassing van opdrag en inhoud	8
1 – 2	Begrip van taalkonvensies	6

Denkvlak	Vraag 6 – Kort e-posboodskap	10 punte
5 – 7	Styl, toon skep	3
3 – 4	Toepassing van opdrag en inhoud	4
1 – 2	Begrip van taalkonvensies	3

Vlak 5 – 7	9	30%
Vlak 3 – 4	12	40%
Vlak 1 – 2	9	30%
Totaal	30	100%